# ***Die Doop: teken van die ewige genadeverbond wat God met Abraham gesluit het***

<u>Ou Verbond</u>: pasga besnydenis — Jesus Christus (Luk 22:15-22) Paaslam — <u>Nuwe verbond</u>:nagmaal doop

*<u>Gen 17:</u>* Verbond met Abraham, sy nageslag, alle seuntjies op 8 dae, alle slawe.

# *<u>Ons weet dus</u>*: **kindertjies is besny**

*<u>Gal 3:7 en 29:</u>* Abraham se nageslag (Lees hele hoofstuk)

*Gal 3:7 "Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham"*

*Gal 3:29 "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename."*

*<u>Kol 2:11-13:</u>* Grieke nie fisies soos Jode besny – wel besny. Hoe,volgens Paulus?

*Kol 2:11 "in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,*

*Kol 2:12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.*

*Kol 2:13 En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,*

*<u>Rom 4:11-25:</u>* Gelowiges (nageslag van Abraham) word vandag gedoop.

*Rom 4:11 "En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word;*

*Rom 4:12 en ook 'n vader van die besnydenis vir die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham toe hy onbesnede was.*

*Rom 4:13 Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof.*

*Rom 4:14 Want as hulle wat uit die wet is, erfgename is, dan het die geloof waardeloos geword en die belofte tot niet geraak.*

*Rom 4:15 Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie.*

*Rom 4:16 Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal*

*Rom 4:17 soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.*

*Rom 4:18 Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees.*

*Rom 4:19 En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie.*

*Rom 4:20 En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee*

*Rom 4:21 en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het.*

*Rom 4:22  Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken.*
*Rom 4:23  Maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe dat dit hom toegereken is nie,*
*Rom 4:24  maar ook om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dode opgewek het,*
*Rom 4:25  wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking."*

# Ons weet dus: **Doop** vervang **besnydenis** – ewige **verbond** steeds geldig.  Alle gelowiges is nou erfgename van die verbond.
**Besnydeni**s is nooit herhaal nie, daarom word die **doop,** wat besnydenis as teken vervang, nie herhaal nie.  Met instelling van besnydenis,  is volwasse mans en kindertjies besny, daarom met instelling van doop, is volwassenes (bv. dissipels) en kindertjies gedoop.

***L.W***. Volwassenes word wel gedoop, slegs wanneer hulle nie as kindertjies in die Naam van *God Drie Enig gedoop is nie.  Soos met die besnydenis vind die doop eenmalig plaas.

*Ex 4:24-26*:  Waarom wou God Moses se lewe neem?  Daarom weet ons dat dit sonde is om die kind van 'n gelowige nie te laat doop nie.

Hand 10:1,2,48 (Cornelius);  Hand 16:14-15 (Lidia);  Hand 17:33 (sipier van Fillippi);  Hand 18:8 (Crispus);  1 Kor 1:16 (Stephanus)

*Ou Verbond*: Verbondsteken – **besnydenis** van alle mans en seuntjies.
*Nuwe Verbond*: Verbondsteken – **doop** van almal in gelowige huisgesinne, ook vrouens en dogtertjies

**Jesus verseël die doop as die verbondsteken in die nuwe verbond met sy bloed.**

*Mark 16:15-17:* gaan hier oor volwassenes in heidenlande wat die eerste keer die Evangelie hoor.

*Hand 2:38-39*: "die doop is vir julle en julle kinders", m.a.w. gelowiges en hul kinders.

*Mat 3:13-17:*  Deur die doop van Johannes wou Jesus in die opbenbaar wys dat Hy bereid was om Hom met sondaars te vereenselwig en ons sonde op Hom te neem en dit was vir sondaars wat berou oor hul sondes het (1 Joh 5:6).
Jesus se doop deur Johannes was die teken waarmee Hy sy roeping en amptelike bedieningswerk begin het.

1 Joh 5:7-8: Drie (die Gees en die *water* = doop en die *bloed* = kruis) getuig oor die **doop** en die **kruis**.  Deur die **doop** het Jesus Christus as ons groot Hoëpriester **ons sondes op Hom geneem** en deur die **kruis** het Hy daarvoor **betaal en die prys aanvaar.**

Mat 28:19: Jesus stel self die Christelike Doop in:  Gaan dan heen, maak dissipel van al die nasies, en **doop** hull in die Naam van die *Vader* en die *Seun* en die *Heilige Gees* (*God Drie Enig)

Die gronddwalinge van sektes
Die Bybel / die Woord van God / die Waarheid leer: God kom uit genade na die mens wat Hy wil red. Deur die werking van die Heilige Gees word die mens wedergebore en kom tot geloof sodat die mens gelowig op God se genade kan reageer. Die “Heilsorde”: ROEPING (God roep my) ~ WEDERGEBOORTE (die mens antwoord deur die Heilige Gees geïnspireer) ~ GELOOF (glo in God Drie Enig) ~ BEKERING (herhaalde verootmoediging/skulbelydenis en terugkeer) ~ REGVERDIGMAKING (vrygespreek deur die bloed van Jesus aan die kruis) ~ HEILIGMAKING (groei afgesonder vir Christus) ~ VOLHARDING (hou vol in Jesus se krag) ~ VERHEERLIKING (ewige lewe)
Hierdie volgorde word deur sektes omgedraai naamlik: die mens kies uit sy eie vrye wil vir God en laat hom/haar dan doop – die mens is dus die bewerker van sy eie saligheid! Omdat die mens in sonde ontvang en gebore word, is hy/sy van nature geneig om God en sy mendemens te haat. Indien die mens dus vir sy eie saligheid verantwoordelik was, was ons almal verlore!

Ons bou ons geloof op die *verdienste* van **Jesus** aan die kruis. **Christus** *alléén* maak salig; die **Heilige Gees** bewerk die wedergeboorte. Ons oorbeklemtoon nie die doop nie. Die doop kan geen mens salig maak of die wedergeboorte bewerk nie.

Die enigste voorwaarde tot saligheid is: **geloof in Jesus Christus.** Daarom verloën/verraai ek my geloof in Christus wanneer ek glo dat die doop noodsaakliik is vir die redding van die mens en dan wel ook net die volwasse doop!
Die verkondiging van suiwer **Evangelie van Christus** is die enigste manier
om die verheffing van die doop tot 'n onmisbare middel tot saligheid, deur die Roomse Kerk en alle sektes, te weerlê.

**Joh 14:6 Jesus** antwoord hom: **Ek** is **die weg** en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur ***My*** nie.
.......Voordat jy enigiets ondersoek, **trek die volle wapenrusting van God aan** (Ef 6:10-20), ander is verwarring (MOEILIKHEID!!) die onafwendbare gevolg. Rus jouself deeglik toe met die waarheid volgens die **Woord van God** (Ef. 6:17b) oor byvoorbeeld die doop, voordat jy 'n grootdoopplegtigheid bywoon.
Geen mens waag dit tog byvoorbeeld om Kilimandjaro te probeer uitklim sonder deeglike voorbereiding.

*1 Tim 6:3-5 “ As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde vanm onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog, nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle erstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense”*

*2 Tim 2:22-26 “vrede, saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep.*
*En die dwase en onverstandige strydvrae moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek; en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees* teenoor *almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra. Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, en hulle weer nugter kan word,*

*vry van die strik van die duiwel,nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen."*

*2 Tim 3:16-17 "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."*

*2 Tim 4:2-5. " verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening."*

# # # # # # # # #